# die Wapad

Jaargang XV WOENSDAG, 2 MAART 1960 Nr. 1

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.


# STEUN BELOOF AAN REPUBLIEK

„Ons stel ons ten doel om die Afrikaner se leefwyse en tradisie voort te dra en uit te bou en om met diegene wat van ons verskil, veral hier aan ons eie Universiteit, ten nouste saam te werk om almal 'n gelukkige akademiese jaar te besorg."

Hierdie mosie is op die eerste vergadering van die Studenteraad as een van die doelstellinge van die S.R. vir 1960 aangeneem.

Gesien in die lig van die aanval wat die voorsitter van die Studenteraad van Wits, mnr. R. J. Goldstone, geloods het en wat veral gemik was op die aparte universiteitsgeriewe vir die verskillende groepe, moet hierdie besluit van die S.R. van die kant van seniorstudente sowel as nuwelinge van harte verwelkom word.

### PROPAGANDAMIDDELS

Op die eerste byeenkoms van die eerstejaars van Wits waar hulle rektor o.a. ook die woord gevoer het, is verskillende pamflette en propagandamiddels versprei waarin nuwelinge aangesê is „om aan te hou strewe om die ontoereikendheid en onregverdigheid wat geslote Universiteite meebring, uit die weg te ruim."

Verder is dit onomwonde aan eerstejaars gestel dat hulle die persone is „wat die tradisies moet voortbou . . . anders vernietig julle die vertroue van diegene wat voor julle vir akademiese vryheid geveg het."

### MOSIE

„Om deur middel van die Afrikaanse Studentebond die Afrikanerideaal van die Republiek van Suid-Afrika uit te dra binne die raamwerk van die propagandamasjien van die A.S.B.-hoofbestuur," is verder vervat in 'n mosie wat aangeneem is. Daarby is ook aanvaar „om te streef na die hoogsmoontlike samewerking op inter-universitêre vlak sonder dis prysgewing van eie beginsels en eie karakter."

So 'n wedersydse erkenning van mekaar se standpunt kan alleen in hierdie jaar van die Uniefees bydra tot 'n aangename verstandhouding, beide tussen ons en ander Universiteite en ook tussen studente aan ons eie Universiteit ondermekaar.

# GROOT UITBREIDINGS AAN DIE P.U. IN 1960

Die Feesjaar 1960 het vir die Potchefstroomse Universiteit verskeie uitbreidings gebring wat die studentetal en ook die terrein betref. Een van die mees radikale veranderings is dat die tradisionele Postmahuis gesloop sal moet word om plek te maak vir 'n nuwe dierkundelaboratorium. Ook verdere uitbreidings wat in die loop van die jaar beoog word, sal beter fasiliteite aan studente bied.

In 'n onderhoud met Die Wapad het mnr. G. P. Schoeman, assistent-registrateur van die Universiteit, verklaar dat die oorspronklike tender vir die bou van 'n nuwe huishoudkundelaboratorium met 'n addisionele tender aangevul moes word. Die totale tender is tans £40,000 en die laboratorium moet teen die einde van Meimaand voltooi wees.

Daarna sal die huidige kookkunssentrum langs Uitspan ingerig word as 'n koshuis vir die bewoners van Postmavleuel. Op die terrein van Postmavleuel sal 'n Dierkundelaboratorium opgerig word.

### STADSRAAD

Hierdie reëlings is egter net tydelik aangesien die Universiteit tans besig is met onderhandelings met die stadsraad oor die bou van 'n nuwe manskoshuis.

Die wassery waar die koshuisstudente se klere gewas word, sal aansienlik uitgebrei word, beide wat masjinerie en werknemers betref. Dit sal waarskynlik beteken dat die wasgoed wat Sondagaande ingehandig word, gouer aan die studente teruggegee sal kan word.

### BIBLIOTEEK

'n Afdeling wat hierdie jaar aansienlik uitgebrei sal word, is die Ferdinand Postma-biblioteek, en die bindery, wat tans nog in die gebou van die biblioteek gehuisves is. Verbeterings aan die biblioteek sal tot 'n waarde van £20,000 aangebring word en die gebou self sal vergroot word. Die bindery sal voortaan in 'n aparte gebou wees, het mnr. Schoeman verklaar.

Tot dusver kon die presiese aantal studente nog nie vasgestel word nie. Na berekening is daar vanjaar sowat 1,750 studente aan die P.U. vir C.H.O., wat meer as ooit tevore is en die getal is sowat honderd meer as verlede jaar. Die aantal eerstejaars waarmee vanjaar weggespring word, is ongeveer 330.

Intussen is die groot masjinerie van die Universiteit stadig besig om in klasse op dreef te kom en steeds skryf talle studente daagliks in.

Verbeterings sal meehelp om 1960 'n puik jaar in die geskiedenis van die Universiteit te maak.

# PROFESSOR SKETS DIE VOORDELE VAN INLYWING

**„Dit is 'n onteenseglike feit dat inlywing soos dit hier bestaan, nie anders kan as om 'n heilsame uitwerking op die studentegees en die voortbestaan van 'n gelukkige samesyn hier op ons Universiteit te hê nie."**

Met hierdie woorde het prof. D. J. van Rooy, onderrektor en aftredende huisvader van die koshuise, Saterdagaand op die ontheffingsgeselligheid die kroon gespan oor die harde arbeid van die Studenteraad en studente op die Puk vir die goeie arbeid wat vanjaar en al die jare in die verlede met die inlywingsaksies verrig is.

„Dit was egter maar die begin van 'n opvoeding wat 'n mens nêrens anders in jou hele loopbaan sal kry nie. Die eerstejaars moet onthou dat dit 'n voorreg is wat hulle die inrigting te studeer en om hier tot nuttige burgers van die samelewing gevorm te word.

### KOM TOT BESEF

Toe dr. D. Erasmus hierdie saak aangeroer het en hy die seniors gevra het om n' heildronk op die eerstejaarstudente te drink, moes daar in menige ouheer en oudame die besef van die waarheid van die stelling opgekom het.

Dat ons eerstejaars dit sal besef, hoop ons van harte en dan glo ons ook dat hulle in die jare wat kom nog diep spore in die studentelewe sal trap.

Op baie bekwame wyse het Slurpie van der Walt daarin geslaag om die gehoor in die ligter sy van die saak aan die gang te hou.


„Ek wil die seremoniemeester gelukwens met die gehalte van sprekers wat hy vanaand hier laat optree," het Proffie van Vuuren gesê toe hy aan die woord gekom het oor 'n onderwerp waaroor die meeste van die gehoor met gemak kon saamgesels. Die onderwerp was „niks".

Die voorsitter van die Studenteraad, Hennie van der Walt—die spore van erosiewerk deur kommandowurms was duidelik op sy gesig te bespeur (miskien is dit al reeds die uitwerking wat die dore op hom gehad het)—het die aanwesiges duidelik onder die besef gebring van wat die taak van die Puk, hier in Potchefstroom, is, en watter ontsaglike rol ons kan speel, veral in die jaar van die Uniefees.

### PUIK GESELLIGHEID

Die geselligheidskomitee moet beslis bedank en gelukgewens word met die vlot wyse waarop alles verloop het. Dit was 'n puik ontheffingsgeselligheid.

As u dit nie glo nie, vra maar vir die tweedejaarsmans wat vir die eerste keer die voorreg het om 'n door te sleep.



**Mnr. H. J. D. van der Walt, voorsitter van die Studenteraad. Lees sy boodskap aan elke Pukstudent op bladsy 2. [Foto: Die Veteraan.**

# PROF. DAVIES OORLEDE

Prof. R. E. Davies, in lewe hoof van die Departement Engels aan die Universiteit, is op Sondag 3 Januarie 1960 na 'n kort siekbed in Kaapstad oorlede.

Prof. Davies en sy gade het pas teruggekeer van 'n studiereis deur Engeland toe hy longontsteking aan boord die skip opgedoen het. Hy word oorleef deur 'n weduwee en 'n dogter wat so pas haar matriekeksamen afgelê het.

Prof. Davies is in 1911 in Kaapstad gebore. Hy het aan die Universiteit van Natal studeer waar hy in 1933 sy Meestersgraad behaal het. Daarna het hy met 'n Currie Navorsingsbeurs van die Universiteit



**Prof. Rex Davies.**

van Suid-Afrika gedurende 1935 tot 1937 navorsing aan die Londense Universiteitskollege gedoen. n 1937 promoveer hy aan dié inrigting in die Filosofie.

### SPORTLIEFHEBBER

Gedurende die volgende ses jaar is hy verbonde aan die Natalse Universiteit waar hy Engels gedoseer het. Met 'n toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het hy tweetaligheidstoestande oorsee ondersoek. Ses maande gelede is hy vir dieselfde doel oorsee m.b.v. 'n Sir Ernest Oppenheimer-Beurs.

Prof. Davies was 'n sportliefhebber en het Natal verskeie kere op die krieketveld verteenwoordig. Hy was ook President van die Inter-Universitêre Atletiek Vereniging asook voorsitter van die Inter-Universitêre Krieket Vereniging. In 1957 was hy bestuurder van die S.A. Universiteite se span wat teen die M.C.C. gespeel het.

Aan sy eggenote en dogter ons diepe meegevoel met hulle swaar verlies.

# TERREIN NODIG

Prof. dr. Chris Coetzee, rektor van die Universiteit, het die burgemeester van Potchefstroom, mnr. H. H. Holtzhausen, L.P.R. by die opening van die Universiteit versoek om die beoogde skenking van nege morg grond te verhaas.

Die grond lê aan die weste kant van die Hoofgebou en word tans deur twee kanale en 'n bloekomplantasie in beslag geneem.

Die terrein is nodig vir die oprigting van koshuise vir manstudente van die Universiteit.


**„ . . . WIE'S EK ?!! . ."**

**MENEER !**

Fotokuns

**vir foto's van Eerstejaardames en**

★ *ANDER ONTGROENINGSFOTO'S*
★ *FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE*
★ *GRAMMOFOONPLATE*
★ *KUNSVLYT*
★ *ELEKTRIESE WARE*
★ *SKRYFBEHOEFTES*

Onthou net:

**FOTOKUNS, Tomstr. 82, Tel. 3185**

Dames- en Herestudente!

„PARKSIG"
Eiendomsagentskap

kan daarvoor sorg as Pa en Ma in Potchefstroom wil kom woon. Vir die Modernste Huise op DIE BULT.

(Eienaar: G. Schoonhoven)
Tel. 1486, na-ure 2057.

Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge

**Die Bult Apteek**
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091



K W A L I T E I T ?

INDERDAAD, MY VRIEND!
by
**G. & H. JUWELIERS**
129 Kerkstraat. Tel. 1031

*Cachet Modes*
*(EDMS.) BPK.*

Tomstraat 92.
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 1389.

*Ons spesialiseer in drag vir jong dames, veral*

**KERKDRAG**

★ *NOMOTTA-WOL in voorraad.*

**die wapad**

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

*Hoofredakteur*: Dirk Herbst (X041), *Assistent-hoofredakteur*: Schalk Hoogenboezem (X042), *Redakteur Interuniversitêre en Buitelandse Sake*: Dewald Roode, *Nuusredakteur*: Stoffel Cilliers, *Kunsredaktrise*: Enid Rautenbach, *Sportredakteur*: Prinsloo Potgieter, *Variaredaksie*: Piet Bingle en Annemarie Schutte, *Sportverslaggewers*: Nic Swart en Marieke van der Merwe, *Nuusverslaggewers*: Gert Scholtz en Elsa Pelser, *Sirkulasiebestuurder*: Herman Oosthuizen, *Advertensiebestuurder*: Ben Bierman, *Fotograaf*: Johan van der Merwe, *Spotprentekenaar*: Ben van der Walt, *Tegniese Adviseur*: Gouws Oberholzer.

# WAKKER MAAR NIE BANG NIE

Die Universiteit se geledere is vanjaar deur 'n paar honderd eerstejaarstudente versterk. Ons heet hulle hartlik welkom en vertrou dat hulle die aanpassingsprobleme spoedig sal oorbrug.

Ook aan die senior studente wat die durf aan die dag lê om die geduld en uithouvermoë van professore en lektore andermaal te beproef, rig ons 'n hartlike welkomswoord.

Mag die akademiese aktiwiteite, wat in die omstreke van Oktobermaand begin, met sukses bekroon word.

Die inlywingsaksies is nou—voorlopig altans—agter die rug en die Studenteraad moet gelukgewens word met die voorwaartse stap om senior eerstejaars daarby te betrek. Waardevolle kragte het in die verlede verlore gegaan deurdat hierdie mense nooit behoorlik by die studentegemeenskap ingeskakel is nie.

Mnr. H. J. D. van der Walt, voorsitter van die Studenteraad, verklaar elders in hierdie uitgawe dat die jaar wat voorlê, 'n tydperk van groot geleenthede sal wees.

'n Mens dink dan egter nie alleen aan woelinge aan internasionale en politieke front nie, maar in 'n nouere kring aan woelinge aan die studentefront.

Die twee rosse van die studentesamestelling van ons land—die A.S.B. en Nusas—sal weer eens met hernieude ywer tot die strydperk toetree.

Dat die studentegemeenskap van die Universiteit nie maar bereid is om sake hul gang te laat gaan nie, blyk duidelik uit optredes van die verlede.

Daarom is dit verblydend dat die Studenteraad reeds op sy eerste vergadering verklaar het dat die Afrikaner se leefwyse en tradisie voortgedra en uitgebou moet word en om met diegene wat ander standpunte huldig, ten nouste saam te werk en hul standpunt te waardeer om sodoende aan almal 'n gelukkige bestaan te verseker.

Gesien die toenemende verwikkeldheid van die lewensbestaan, is dit noodsaaklik dat standpuntname en verantwoording met omsigtigheid en besinning gedoen sal word.

Wees dan wakker, maar nooit bang nie.

# ONTOEREIKENDE BANE

Op die gebied van sport word 'n baie bedrywige jaar in die vooruitsig gestel. Die vertonings van ons Springbokke op die rugbyveld teen die All Blacks, teen die Engelse krieketspelers en op die Olimpiese Spele sal met groot belangstelling dopgehou word.

In ons eie geledere sal dit nie minder druk gaan nie. Waar die Universiteit verlede jaar nie minder nie as een en dertig verteenwoordigers in verskillende Wes-Transvaalse spanne gehad het, is daar geen rede waarom die getal vanjaar nie oortref hoef te word nie.

Ongelukkig is 'n groot struikelblok in die weg van ons sportmanne—steeds ontoereikende bane en speelgeriewe.

Enkele voorbeelde getuig van die ontoereikende toestand.

Een van die bloeiendste klubs—die bofbalklub—moet tans tevrede wees om op 'n veld met wuiwende, hoë grassate wat enige maer Wes-Transvaalse os sal laat watertand, te speel. Krieket sterf 'n genadelose dood as gevolg van die gebrek aan 'n baanblad en 'n geskikte veld. Die toestand van die atletiek-en tennisbane is nie iets waaroor met lof huis toe geskryf kan word nie.

Die gevolg van hierdie ontoereikende geriewe is dat ons klubs nie die vrymoedigheid het om groot of tussenuniversitêre kragmetings aan te bied nie, tensy hulle hulle tot die bane en velde van ander klubs wend—weliswaar 'n jammerlike presedent.

Hoewel ons bewus is van die uitgebreide bou-ondernemings en skemas wat deur die owerheid op die terrein aangepak is, het die verbetering van sportgeriewe tans dwingend noodsaaklik geword.

# VOORSITTER SE BEROEP OP U ALMAL

## BESIGE JAAR VOOR

Mnr. H. J. D. VAN DER WALT, voorsitter van die Studenteraad, doen in 'n boodskap 'n beroep op Pukke om volle gewig in te gooi in alle ondernemings wat hulle vanjaar aanpak. 'n Besige jaar word in die vooruitsig gestel en die werksaamhede kan alleen met sukses bekroon word as die heelhartige medewerking van elke Pukstudent verkry word.

Mnr. Van der Walt se boodskap lui soos volg:

Tydens alle afskeidfunksies wat verlede jaar plaasgevind het, is daar by persone wat afskeidsboodskappe gerig het die gedagte te bemerk dat voortgebou moet word op die verlede en dat ons versigtig moet wees in die toekoms.

In die jaar 1960, wat reeds in hierdie stadium blyk 'n jaar van groot geleenthede te wees, veral as ons dink aan die aankondiging van die Republiek van Suid-Afrika, die Uniefees, ens., is dit seker gepas om vir 'n oomblik stil te staan by die gedagtes wat uitgespreek is deur verlede jaar se vertrekkendes.

Ek wil geen kritiek daarop lewer nie, maar daar was tog vir my sommige kere dat daar 'n ondertoon van 'n bedekte mosie van wantroue in die opkomende geslag te bespeur is. Of hierdie mense geregverdig was of nie, dit laat ek daar. Ons moet egter aan die begin van hierdie jaar weer die leisels opneem en doelgerig voortspoed met hierdie slagspreuk dat ons elkeen moet doen wat ons hand vind om te doen, dat ons nie moet wag om eers te sien of iemand anders nie vir ons die werk sal doen nie, maar self onmiddellik ons hande uitsteek. Dit is die plig van ons seniorstudente om aan ons eerstejaars en nuwelinge die voorbeeld te stel.

### BEDRYWIGE JAAR

As ons kyk na die werksprogram van die jaar, lyk dit asof die geleenthede legio sal wees. In die eerste plek is daar die groot taak wat op elke senior student se skouers rus om ons nuwelinge te ontvang en tuis te laat voel. Gedurende die vakansie het ek dikwels my oog oor die datumrooster van die Studenteraad laat heengly en ek het onmiddellik opgemerk dat die A.B.K.K. nogeens 'n poging gaan aanwend om vir ons 'n kunsfees te reël. Sonder die medewerking van ons almal sal die A.B.K.K. se pogings beslis nie slaag nie.

**Ek het in my dagboekie die kongres van die A.S.B. opgemerk en die daarmee gepaardgaande kunsfees en ek het daaraan gedink hoe swak die Puk vorige jare verteenwoordig was, veral op die kunsfees, en ek het gevoel dat ons almal moet saamwerk om hierdie posisie te probeer verbeter.**

Die Studenteraad sal ook hier, veral op finansiële gebied, soveel as moontlik mense wat deelneem, tegemoet kom.

Ek wil u nie verder vermoei met wat hierdie jaar gaan gebeur nie—dink maar aan dinge soos Vreugdedag, Intervarsitie, Julietoere, en dadelik sal u besef dat sonder eensgesindheid en sonder die gees van hoogste samewerking hierdie jaar moontlike mislukkings kan inhou.

### ARBEID EN DIENS

Daarom, dames en here, neem vrymoedigheid op die gebied van die besture waarop u dien en as elke individuele Pukstudent om met u moeilikhede die Studenteraad te nader. Hier nooi ons veral eerstejaars en nuwelinge uit om ons te kom spreek. Ek kan u verseker dat u in 'n ware Pukgees ontvang en behandel sal word. Daar is ook instansies wat altyd bereid sal wees om u met u akademiese probleme te help. Neem die vrymoedigheid om met u professore en ons owerheid hierdie saak te bespreek.

**Laat ons almal saam in die gees van eerlikheid ons Alma Mater dien binne ons kring sowel as daarbuite.**

Met hierdie paar woorde dan, geagte Pukke, baie hartlik welkom hier op die campus.

Die van u wat dit nie so voorspoedig in die eksamen gehad het nie, onthou Rome is nie in een jaar gebou nie. Aan die van u wat puik gevaar het, my gelukwense.

Aan ons eerstejaars en nuwelinge 'n woord van hartlike welkom. Laat ons almal saam op die akademiese-, kulturele- en sportaktiwiteite ons volle gewig ingooi.

(w.g.) H. J. D. VAN DER WALT
(Voorsitter, Studenteraad).

# In U Lig

**P. KRÜGER**

**Matt. 5 : 14:** „Julle is die lig van die wêreld."

**1 Joh. 1 : 7:** „As ons in die lig wandel."

Ons universiteit het 'n mooi leuse: In U Lig. Dit is by ons al baie bekend, maar verstaan ons dit? Dit beteken wel dat ons die wetenskap in die lig van Gods openbaring beoefen. Maar die Heilige Skrif kan nooit tot een enkele gebied beperk word nie.

Onmiddellik nadat die bergpredikasie afgehandel is, vertel Jesus die dissipels wat hulle self is, nl. „Julle is die lig van die wêreld" (vers 14). Met die eerste oogopslag klink hierdie vers teenstrydig met Joh. 8 : 12 waar Jesus sê dat Hyself die Lig van die wêreld is. Maar dit moet so verstaan word dat Hy die Lig is waarvan die lig uitstraal op sy volgelinge. En wanneer hulle erken dat Hy die Lig is, word hulle self ligdraers in die wêreld. Die lig sien hier op werking na buite; op openlike optrede.

Die voorbeeld wat hier gebruik word, is 'n lamp wat nie onder 'n maatemmer weggesteek word nie. Net so min as wat iemand so-iets sal doen, so min kan 'n ligdraer deur Christus se genade nie sy goeie werke laat skyn voor die mense nie.

**Daarom baat dit niks as ons 'n leuse het en nie daarvolgens wandel nie.**

„As ons in die lig wandel." Daar staan nie 'n vraagteken agter hierdie sin nie, maar daar sit wel 'n vraag in, nl. „Hoe wandel ons in hierdie lewe?"

(Vervolg op bls. 3)

# SKERP AANVAL OP AFRIKANERS DEUR STUDENTEBLAD...

In die Nederlandse studenteblad Propria Cures — dit word in Amsterdam uitgegee — het aan die einde van verlede jaar 'n artikel verskyn waarin die Afrikaners voorgestel word as 'n volk spruitende uit 'n ,,inteelt met dubbele misdadige aanleg'', en waarby die A.S.B. ook ingesleep word. Onder Suid-Afrikaanse Nederlanders en in Suid-Afrika het hierdie artikel baie verontwaardiging gewek.

Die artikel onder die opskrif Welkom Afrikaanders! luis soos volg:

„In die 52e jaar van ons goue eeu het 'n skip met manne wat hulle eufimisties Hollandse boere genoem het, op die Kaap die Goeie Hoop geland.

### BOEWE

„Die lading het uit tien persent avonturiers bestaan en negentig persent uit ongure individue wat vanweë moord, roof, aanranding of hoogverraad in hul land (geen oorbevolking; alles in bloei, sowel die kinderaanwas as die ouderdomsterfte) nie meer gewens was nie.

„In die jare daarna is verskeie skeepsvragte weesmeisies aan land en in die arms van hierdie oud-misdadigers geplaas. Hierdie wese het op hul beurt vir die grootste gedeelte uit die, in hierdie tyd bloeiende onderwêreld, voortgekom en baie het dan ook met hul vaders getrou.

„Uit hierdie inteelt met dubbele misdadige aanleg het 'n nuwe selfstandige ras met 'n eie taal ontwikkel, tot hede ,'t Afrikaanderse' genoem.

### NOG VERDER

„Bring ons nog verder ,De Grote Trek' in die herinnering waarop hierdie ras lafhartig na die ooste van Suid-Afrika gevlug het voor 'n handjievol buitelanders wat nog nie eens geland het nie, en verder ,de Boerenoorlog' wat hy roemloos teen dieselfde bluf-Engelse verloor het, dan kry ons dadelik 'n taamlike totaalbeeld van die degenerasie.

„'n Degenererende ras kan hom alleen deur 'n groot mond vol hol frases en 'n geswolle bors nét vol wind handhaaf."

Hierop volg enkele aanhalinge uit 'n brief van die Afrikaanse Studentebond waarin verklaar word dat die A.S.B. die Regering se apartheidsbeleid steun en dat „ons vyande liberaliste en linksgesindes is."

Die blad vra dan waarom „deze jongens" wat hul „apart wil houden" en nie wil vermeng nie (die enigste hulle hier verseil geraak? Dieselfde notabene wat hulle van hulle inteeltgesigte kan afhelp) hier oor eendrag wil praat.

### HOTTENTOTTE

Die „hier" slaan op 'n kongres saam met Nederlandse en Vlaamse studente in Amsterdam.

Die slotparagraaf lui: „Hoe het vraag het die Hottentotte hulle ook 307 jaar gelede afgevra toe die skepe van die Oos-Indiese Kompanjie hulle ankers langsaan in die Goeie Hoop laat sak het."

# REGIMENT P.U.

Die Universiteit se mansstudente wat vrystelling van militêre diensplig ontvang het is Dinsdagaand deur prof. H. L. Swanepoel gevra om hulle vrywillig vir militêre opleiding gedurende die Julievakansie aan te meld. Hierdie versoek het voortgesit uit die nuwe indeling wat in die Observasieregiment van Suid-Afrikaanse Universiteite gemaak is.

Waar Potchefstroom, Bloemfontein en Pretoria voorheen as een regiment gereken is, is daar tans drie afsonderlike observasie-regimente, wat elk 333 mansskappe gedurende die vakansie moet oplei.

### 333 STUDENTE NODIG

Prof Swanepoel het gesê dat die samewerking van die Potchefstroomse studente veral verwag word omdat daar tans net 108 studente is wat hulle vir vrywillige opleiding aangebied het.

Hy het gesê dat dit in belang van die P.U. se goeie naam is dat studente hul sal aanbied, ook aangesien Pretoria reeds sy volle kwota van 333 vrywilligers opgelewer het.

# ... EN ANTWOORD VAN VRIEND

Selfs in Nederland het hierdie artikel weerklank gevind, want in die jongste aflewering van Zuid-Afrika, 'n maandblad vir kulturele en ekonomiese betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika, het die redakteur, prof. dr. P. J. van Winter, 'n hoofartikel onder die opskrif ,,Een bron van misverstanden'' daaraan gewy.

Die hoofartikel lui soos volg:

„In die Amsterdamse studenteweekblad Propria Cures het weer eens 'n stukkie verskyn waaruit blyk watter verwoesting gees en gemoed moet ly wanneer onderontwikkelde jongelui deur die skryflus aangegryp word en in stuurlose onrypheid uitdrukking soek vir hul nie-verwerkte aanvegtinge.

### SKELDTAAL

„Die artikel heet Welkom Afrikaners en wend hom teen bepaalde uitsprake van die Afrikaanse Studentebond. Dt is natuurlik die goeie reg van die skrywer. Hy spreek daarby egter sonder enige kennis van sake uitsluitend in skeld- en hoontoon en soek sy krag veral in liederlikhede wat hy fantaseer oor die herkoms van die Afrikaner. Die stukkie word so 'n bewuste en opsetlike belediging.

„Dit het wel meermale gebeur dat Propria Cures ruimte afstaan aan skrifture waarin die kwellinge van jeugdiges afgereageer word deur bevuiling en ontluistering van wat ander ter harte gaan. Die amptelike orgaan van die Uuniversiteit van Amsterdam—die Folia Civitas—moes van die ou blad geskei word om te verhoed dat die gedagte by die universiteitsgemeenskap opkom aan 'n bedryf van skrywende woestelinge. So grof as wat die verwronge gees hom egter nou ontlaai het, is nog nie voorheen teengekom nie.

### NIE ERNSTIG GENEEM

„Die belediging van 'n bevriende staatshoof is volgens die Nederlandse wet strafbaar. Mag 'n mens nou tot sy eie perverse genoeë sy onbehae straffeloos afkoel op 'n volk of 'n volksgroep? Die vraag is in verband met die uitbarsting wat ons besig hou, skynbaar te weinig gestel—vermoedelik omdat dit by niemand opkom dat Propria Cures nêrens ernstig opgeneem word nie.

„'n Mens kan die mening toegedaan wees solank Nederlandse verhoudinge by die skeldpartye betrokke is. Nou word gif gespuug oor andere wat minder bekend is met ons interne teenstellinge, wat lig verskrik en onthuts vertoon en van wie verwag kan word om aanstoot te neem. Daar is rede om te betreur dat die verwekkers van die voorval nie aanstons aan die lig gebring word nie."

Die hoofberig sluit met die vraag: „Het ons dit (die Suid-Afrikaanse reaksie) hier verdien omdat ook ons deel het aan die onewewigtighede van 'n onverantwoordelike jeug?"

# PROF. SCHUTTE SE REDE OOR OPVOEDKUNDE

PROF. B. C. SCHUTTE, hoogleraar in opvoedkunde, het in sy inougurele rede oor Objektiwistiese en Fenomenologiese benaderings in die Empiriese Opvoedkunde verklaar dat hoewel die Empiriese Opvoedkunde 'n feitewetenskap is, dit tog van die normatiewe gebruik omdat elke bevinding aan die lewens- en wêreldbeskouing van die beoefenaar moet beantwoord.

Waar dit vroeër te sterk filosofies gekleurd was, het die oorhelling later na die natuurwetenskaplike eksaktheid te drasties geskied. Teen hierdie objektiwisme waar slegs na kousale wetmatigheid gesoek word en streng positiwistiese afleidings gemaak word, kom sterk reaksie.


Die subjektiwistiese benadering wat die persoonlike sterk beklemtoon, is 'n bewys hiervan.

'n Ander reaksie hierteen is die fenomenologiese benadering wat alle beperkende vooringenomenheid wil uitskakel sodat die doel, wese, middele en bestemming van die opvoeding gepeil kan word deur dit bloot as fenomeen te beskou.

### WARE BEGRIP

Die navorser probeer dan so te verstaan en langs hierdie weg te kom tot die ware begrip.

Beide rigtings word in hulle beperktheid en partikulariteit aanvaar as nuttige en waardevolle



Prof. B. C. Schutte.

metodes, geeneen waarvan die hele waarheid omvat nie.

As metodes gaan hulle aan die P.U. vir C.H.O. gebruik word, maar daarby word die persoonlike nie verwaarloos nie want die persoon in die opvoeding is beelddraer van God.

Eers as dit alles gelowig verwerk is, kan ewewig in die siening verwag word.

(Vervolg van bls. 2)

Vanweë die sonde het die mens ligsku geword. Die bose dade van ons sondige aard duld nie die lig nie.

Maar onthou dat Christus in die wêreld gekom het, en in Sy lig kan niks meer verskuil bly nie. As ons sy naam bely, moet ons ook so wandel, want ingelyf in Christus het ons gemeenskap aan Sy weldade en met mekaar.

Wat ookal openbaar mag word, hier geld die woord van vertroosting: Dat ons in die bloed van Christus gereinig is.

# Spogkoshuis Voltooi

Klawerhof spog met 'n pragtige nuwe vleuel. Die uitbreiding het sowat £40,000 gekos en die nuwe afdeling kan sestig dames huisves. Dit bring Klawerhof se sieletal op 203 te staan.

Die argitek was prof. A. L. Meiring van Pretoria.

Die nuwe vleuel is H-vormig gebou sodat die kamers almal noord, oor die Pukgronde uitkyk, en die badkamers en gange aan die suidekant is.

In die nuwe vleuel is groot verbeteringe aangebring. Die donker gange is uitgeskakel deur bo-ligte bokant die deure, en die ingeboude kaste en die vensters is vergroot.

### HOOFDAME

Op die grondvloer is verder twee moderne gerieflike woonstelle vir die huismoeder en hulpmatrone aangebou.

Ons het berig ontvang dat die hoofdame, mej. M. Fourie, ook haar intrek in Klawerhof geneem het. Dit maak finaal van Klawerhof die spogkoshuis van die Puk—lekker bly, dames!


volryp
goue
tabak




verreweg die beste koop teen
1/9 vir twintig

P32a

# LID VAN RAAD



Dr. P. W. Vorster.

Die Donateurs en Konvokasie van die P.U. vir C.H.O. het tot hul verteenwoordiger op die Raad van die Universiteit benoem dr. P. W. Vorster, sekretaris van Landboutegniese Dienste.

Dr. Vorster het die D.Sc. in Landbou aan die Universiteit Stellenbosch behaal en was onder meer verantwoordelik vir die beroemde Bremerbrood.

As verteenwoordiger van sy land het dr. P. W. Vorster die buiteland in 1947 en 1955 besoek. Betreklik onlangs, in 1958, is hy benoem tot volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en lid van die Landbou-afdeling van die Akademie.




MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929


**Persone wat nog nie op DIE WAPAD ingeteken het nie, word vriendelik versoek om onderstaande vorm te voltooi en dit met die nodige bedrag op die pos te doen of in die posbussie van DIE WAPAD by die kantoor van die Studenteraad te plaas.**

DIE SIRKULASIEBESTUUDER,
DIE WAPAD,
P.U. VIR C.H.O.

*Geagte Meneer,*

*Geliewe hierby 'n bedrag te ontvang synde intekengeld op DIE WAPAD vir 1960.*

Adres waar die koerant afgelewer moet word:

NAAM: ..............................................................

..............................................................

..............................................................

(Intekengeld bedra 6/- per jaar vir studente en 10/- per jaar vir alle ander persone).

# LUISTERRYKE MUSIEKFEES

## KONSERWATORIUM 10 JAAR OUD

'n Luisterryke musiekfees as deel van die amptelike ingebruikneming en herdenking van die tienjarige bestaan van die Konserwatorium vir Musiek aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys word vanjaar van 3 tot 7 Mei in die vooruitsig gestel. Dit sal een van die hoogtepunte van die kultuur- en musieklewe van Wes-Transvaal wees.

Die sierlike nuwe gebou wat tans voltooiing nader, getuig van die geweldige groei en bloei van die departement van musiek in die kort tyd van sy bestaan.

### BEROEMDE KUNSTENAARS

Die amptelike opening van die konserwatorium vind op 8 April plaas wanneer die hoeksteenlegging waargeneem sal word deur die kanselier van die Universiteit, dr. F. J. du Toit. Hierdie verrigtinge sal plaasvind tydens Potchefstroom se Uniefeesvieringe.

Wêreldberoemde musiekkunstenaars sal tydens die Musiekfees van die Konserwatorium in Meimaand optree. Verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaanse kunstenaars sal by dieselfde geleentheid uitvoerings lewer.

'n Musiekkonsert sal op elke aand van die musiekfees aangebied word, en die feesprogram sal op 20 Mei afgesluit word met die eerste uitvoering deur die Hongaarse strykkwartet in Suid-Afrika.

### BELOWENDE PIANIS

Die fees word geopen met 'n uitvoering deur die wêreldberoemde jong Romeense pianis, Mindru Katz, wat tans een van die belowendste pianiste in Europa is.

Hierna sal 'n spesiale program gewy word aan Arnold van Wyk, die bekende Suid-Afrikaanse komponis. By die geleentheid sal Arnold van Wyk sy eie komposisie, Nagmusiek, uitvoer, terwyl Betsy de la Port sal optree met sy sangsiklus, Liefde en Verlate. Die Johannesburgse Bouquenon strykkwartet sal voorts 'n uitvoering lewer van Arnold van Wyk se Strykmusiek.

Die Jong Suid-Afrikaanse strykkwartet onder leiding van Betty Pack, lewer op 5 Mei 'n uitvoering. Die kwartet sal ook later tydens die Uniefeesvieringe in Bloemfontein optree.

### PROFESSOR ROODE

Prof. M. C. Roode, hoof van die Konserwatorium, en mnr. Pieter de Villiers, die bekende Potchefstroomse kunstenaar, staan aan die hoof van 'n koor- en orreluitvoering op die daaropvolgende aand.

Hierna tree die S.A.U.K.-orkes onder leiding van Anton Hartman op met 'n uitvoering waarby Hennie Coetzee en Cecilia Wessels die soliste sal wees.

Spesiale en 'n beperkte aantal seisoenkaartjies teen die bedrag van £1 word aan studente beskikbaar gestel om die fees by te woon en sal binnekort te koop aangebied word.

# 'N NUWE LEIER

Op 'n vergadering van stemgeregtigdes van die P.U. Volkspelelaer wat Donderdagmiddag in die Studentesaal plaasgevind het, is mnr. Gustav du Toit gekies tot nuwe leier van die laer in die plek van mnr. Rassie van der Westhuizen.


*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*

*BAK ONS DIE*

***Heerlikste Vleispasteitjies***

**TURKSTRA BAKKERY**

**(EDMS.) BPK.**

**KERKSTRAAT 61**


# OPROEP OM KUNSFEES TE STEUN

## KLEURVOLLE PROGRAM

Die jaarlikse A.B.K.K.-Kunsfees vind vanjaar reeds vanaf 14—19 Maart in die Totiusgedenksaal plaas en 'n sterk beroep om ondersteuning is deur die voorsitter van die A.B.K.K., mnr. Idyll van der Walt, op elke student gemaak.

„Sweep hulle op," het hy gesê toe daar van diegene onder die Pukke wat kunsvaardig is, gepraat is. Dit staan vas dat elke Puk serenades op koshuisbalkonne moet begin oefen en liefdesodes dig, omdat die A.B.K.K. se Kunsfees sommer voor die deur is.

Daar is 'n groot verskeidenheid items waarin meegeding kan word en al die studente word baie sterk aangemoedig om hul te begin voorberei. Eerstejaars is ook welkom en die ouhere en oudames beloof om 'n tydjie van hul kosbare lewens te wy aan die aanhoor en aansien van die kunselemente wat daar iewers in die eerstejaars versteek mag wees.

Die program is soos volg:

Maandag 14 Maart: Uitdunne vir alle individuele items.

Dinsdagaand 15 Maart: Debat.

Woensdagaand 16 Maart: Volkspele.

Donderdagaand 17 Maart: 'n Simultaanskaakwedstryd tussen Anton Heyns en die P.U.-klub en ook die vertoning van kleurskyfies wat ingeskryf is.

Vrydagaand 18 Maart: 'n Verskeidenheidskonsert waaraan die wenners van die onderskeie nommers en ook Thalia en Alabama sal deelneem, en blommerangskikking.

Saterdagaand 19 Maart: 'n Klavierkonsert aangebied deur die Musiekvereniging waarin Alaine Naude sal optree.

Foto's, skilderye en letterkundige werke sal die hele week in die kafeteria vertoon word.

Ook op die gebied van die beeldende kunste sal meegeding word.

Pukke, hier is jul kans, en wys wat julle kan doen!

# Koor vir Uniefees

'n Potchefstroomse Universiteitskoor—wat nog gestig moet word—sal 'n bydrae lewer tot die Uniefeesvieringe vanjaar in Bloemfontein, het mnr. Pieter de Villiers, senior lektor in musiek Die Wapad in 'n onderhoud meegedeel.

Mnr. de Villiers sal as koorleier optree en verklaar dat alle belangstellende studente welkom is om deel te neem. Meer besonderhede oor kooroefeninge sal binnekort verstrek word.

Altesaam sewe Universiteite en Kolleges sal tydens die Uniefeesvieringe met musiekprogramme optree. Die Potchefstroomse Universiteitskoor sal 'n uitvoering lewer van sestiende- en sewentiende-eeuse musiek.

# Eerste Uitvoering

Mnr. Johan Potgieter van die departement musiek aan die P.U. vir C.H.O., tree op 10 Maart saam met die S.A.U.K.-orkes op as solis by die eerste Etensuurkonsert in Johannesburg.

Hy sal 'n uitvoering lewer van die Mozart konsert in A-mineur.

Mnr. Potgieter was verlede jaar in tydelike hoedanigheid verbonde aan die Konserwatorium.

Mnr. en mev. Potgieter, wat albei agtien maande studie in Wene, Oostenryk, agter die rug het, is vanjaar in permanente hoedanigheid by die Konserwatorium aangestel.

# BESEMBOS VROEËR

Almal wat belangstel om artikels vir 1960 se Besembos te skryf, kan maar dadelik aan die werk spring. Op 'n redaksievergadering van Die Besembos het die hoofredakteur, mnr. Gert Kruger, aangekondig dat gepoog word om Die Besembos vanjaar vroeër as in die verlede te laat verskyn.

Ingeskrewe P.U.-studente is baie welkom om artikels van 2,000 tot 3,000 woorde vir keuring aan die redaksie van Die Besembos voor te lê. Artikels kan handel oor handelswetenskappe, kultuur- en verenigingslewe, kuns en musiek, letterkunde en geskiedenis, natuurwetenskap, opvoedkunde, biblioteekkunde en joernalistiek, regswetenskap, sosiale wetenskappe, sport, teologie en wysbegeerte. Daar is verder ook ruimte vir kortverhale, essays en gedigte in die varia-afdeling.

In beginsel is ook op die vergadering goedgekeur dat 'n oud-Puk wat tans in die buiteland studeer, gevra sal word om 'n artikel van aktuele belang vir Die Besembos te skryf.

# APTEKERS IN DIE STUDENTELEWE

## Inskrywings Toon Tekens van Groei

Die departement B.Sc. Farmasie aan die P.U. gaan jaarliks met rasse skrede vooruit. Daar is vanjaar in die departement byna twintig keer sovel ingeskrewe studente as vyf jaar gelede en die aantal wat gradueer, neem steeds toe.

Verlede jaar het sewentien aptekerstudente die finale eksamen afgelê, van wie veertien geslaag en drie hereksamen gekry het. Ses het met onderskeiding geslaag en drie gaan vanjaar verder met Honneursstudie aan die Puk.

Gesien in die lig dat verlede jaar veertien aptekers geslaag het teenoor twee van 1958 en verder dat daar vanjaar twintig ingeskrewe derdejaaraptekers is, kan ons nie anders nie as om die steeds toenemende groei van die Departement waar te neem nie. Daar is tans ongeveer 120 aptekerstudente aan die P.U., teenoor sewe in 1955, sewentien in 1956 en vyftig in 1958. Nuwe geboue vir die departement Farmasie word vir 1962 in die vooruitsig gestel en dit sal 'n uitbreiding van personeel en studentetal meebring.

### TEVREDENHEID

Mnr. Johan van der Walt, lektor in Farmasie, deel mee dat die opleiding wat hier ontvang word, die voornemende aptekers voldoende toerus vir hul beroep. Dat die werkgewers ook vertroue daarin het, blyk uit die feit dat die Provinsiale Administrasie 'n beurs beskikbaar gestel het aan 'n P.U.-student om 'n Honneursgraad of Magistergraad te verwerf en eindelik aan die hoof van die Tranvaalse Provinsiale Hospitaal administrasie te staan.

**Die Aptekersvereniging aan die P.U. vir C.H.O. is die grootste en sterkste van sy soort in die land en die grootste tak van die Suid-Afrikaanse Aptekersfederasie. Twee Potchefstromers, mnre. J. van der Walt en Marius Coetzee, is lede van die uitvoerende bestuur van die Federasie. Mnr. Van der Walt is onder-president en mnr. Coetzee 'n addisionale lid.**

### BEDRYWIG

Die jaar 1960 sal ook vir die aptekers 'n bedrywige jaar wees. 'n Rugbywedstryd teen die tokkelokke en een teen die Transvaalse aptekersvereniging word beoog. Verder sal daar behalwe die gewone sosiale aktiwiteite waarskynlik debatte teen die Mediese Studenteverenigings van Wits en Pretoria gehou word en ook sal toere na verskillende fabrieke in Johannesburg gereël word.

Die vereniging het alreeds sy merk gemaak wat algemene aptekersbelange in die land betref en stel hom die Afrikaanse ideaal ten doel, nl. die verkryging van gelyke regte vir die Afrikaner-apteker.

Die inlywing van vanjaar se eerstejaar-aptekers dra die volle goedkeuring van die senior aptekers weg. Hulle voel oortuig dat die inlywing die omgang tussen alle studente ten goede in die hand sal werk.

### PRESTASIES

Die volgende veertien derdejaarstudente het verlede jaar geslaag: Mnre. J. Offermeier, M. C. R. van R. van Oudtshoorn, S. Rosslee, M. Pieters, A. Huyser, E. du Toit, C. Moraites, F. Schutte, A. P. Goossens, H. de Wet, G. J. Meyer, en mejj. E. Faure, W. Toxopeus en M. van Dyk.

Mej. S. Heyns en mnre. S. J. du Toit Hoshoff en Marius Brönn het hereksamen gekry.

Verskeie van die aptekers het op een of ander terrein van die studentelewe uitgeblink.

**Mej. E. Faure het die Corrie van Rooy-wisselbeker vir 1959 verower en mnr. Alf Huyser het plek gekry in die eerste voetbalspan. Mej. W. Toxopeus was 'n flink tafeltennisspeelster en mej. Surette Heyns het haar plek in die eerste tennisspan oopgeslaan.**

---

## Skakeling Tussen Studente

Die moontlikheid van 'n internasionale studentepersagentskap word in die jongste nuusbrief van Cosec—die Co-ordinating Secretariat of National Union of Students—geopper.

Cosec het 'n aanbeveling van die negende Internasionale Studentepers Konferensie ontvang waarin versoek word dat die moontlikheid vir die oprigting van 'n argief oorweeg word. Hierin sal dan artikels wat deur studente uit verskillende lande geskryf is oor onderwerpe in verband met hul land en wat van internasionale belang is, bewaar kan word.

### AKTUELE BELANG

Die basis waarop hierdie argief tot stand gebring sal word, is dat van alle lede verwag sal word om artikels van aktuele belang in te lewer wanneer hulle daarom gevra word. Sou enige Studentenuusblad dan belangstel in sekere sake in enige land,, kan Cosec versoek word om 'n artikel daaroor te verskaf. Indien dit nie in die Argief beskikbaar is nie, sal dit bes moontlik so gou moontlik verskaf word na 'n versoek aan studenteuitgewers in die betrokke land.

Ten einde die Argief so gou moontlik op te bou, sal Cosec omsendbriewe aan alle studenteredakteurs stuur en hulle versoek om die geaardheid van artikels wat hulle sou verlang, aan te stip. Sodoende sal die vereiste materiaal verkry word.

### SAL WELKOM WEES

Dit lei geen twyfel dat so 'n Internasionale Studentepersagentskap oral verwelkom sal word en veral ons Suid-Afrikaanse studente 'n beter insig in oorsese studenteaangeleenthede sal gee nie.

In die toekoms kan ons dus eerstehandse inligting oor toestande te wagte wees. A an die ander kant mag ons hoop dat oorsese studente ook nou nuus oor Suid-Afrikaanse Universiteite uit die regte bronne sal verkry.

## Pitkos

Dit betken nie altyd veel om 'n man van belang te wees nie. Die belangrikste persoon op 'n begrafnis is die dooieman.—Langenhoven.

## FORT HARE ONDER SOEKLIG

*Die volgende berig is aangehaal uit THE STUDENT van Januarie* 1960:

*"The South African Government which took over the non-white University College of Fort Hare early this year has embarked on a systematic victimisation of all staff members, nine of whom have already been dismissed. The South African Government's Minister of Bantu Education said in a statement that he would not permit a penny of any funds which he had in his control to be paid to any persons who are known to be sabotaging the Government's policy of apartheid . . ."*

## *WENNER VAN RAADSMEDALJE*



**Mej. Hermien van der Dussen, hoofdame gedurende 1959, aan wie die Raadsmedalje van die Universiteit verlede jaar toegeken is. Die ander persoon wat die medalje verlede jaar ontvang het, is mnr. H. J. D. van der Walt, voorsitter van die Studenteraad. Mej. Van der Dussen is tans onderwyseres op Rustenburg.**
**[Foto: Die Veteraan.**

# EERSTE WEDSTRYD TEEN DIGGERS

## PUKKE SPOG MET 'N STERK SPAN

Die regte gees ten opsigte van die spel, spangees en fiksheid is sake wat baie duidelik onder die aandag van lede van die Universiteit se rugbyklub gebring is toe hulle Maandagaand 'n vergadering van spelers gehou het.

„As ons klubrugby in die eerste plek reg is en ons veral daarop ingestel is en nie op die koms van enige toerspan of enige Suid-Afrikaanse span se besoek aan 'n ander land nie, hoef ons nie te vrees vir die oomblik wanneer Suid-Afrika se eer wel op die rugbyveld verdedig moet word nie," het mnr. Jannie Schutte, voorsitter van die klub, in sy openingsrede gesê.

### GEES

Saam met die voorsitter het prof. W. N. Coetzee, ondervoorsitter, en mnr. Jan Henning, die afrigter van die eerste twee spanne, die spelers gemaan om die spel in die regte gees te benader. „Om die spel in die regte gees te benader, sluit fiksheid en spangees vanselfsprekend in. As hierdie drie faktore wat myns insiens die belangrikste is, in ag geneem word, sal rugby 'n plesier wees, soos dit hoort. Die uitslag van die wedstryd sal dan wel in die guns van die span wat die regte benadering gehad het, wees," het prof. Coetzee gesê.

Hy het daaraan toegevoeg dat as die gees reg is, oorwinning sowel as neerlaag ook in die regte lig beskou sal word.

Die klub begin amptelik op 7 Maart met oefening, hoewel die spelers reeds 'n geruime tyd met los oefeninge besig is. Die eerste wedstryd vind op 19 Maart plaas wanneer die Universiteit met ses spanne teen Diggers in Johannesburg kragte meet. Die daaropvolgende Saterdag speel die eerste span teen Welkom Rovers en die week daarna, voordat die liga wedstryde die volgende week begin, hoop die klub om Pietersburg se eerste span hier te ontvang.

Die laaste twee wedstryde vind albei op Potchefstroom plaas.

### TOER

Benewens 'n proefwedstryd teen Wits op 16 April vir die samestelling van die Transvaalse Universiteite span wat op 28 Mei teen die All Blacks sal speel, sal die jaarlikse Intervarsitie vanjaar in Bloemfontein op 20 Augustus gehou word.

Gedurende Juliemaand beoog die klub 'n toer na Rhodesië. Die bestuur wag egter nog op finale bevestiging van 'n aanatl klubs in Suid-Rhodesië. Indien die toer nie deurgaan nie, hoop die bestuur om 'n toer na dele van die Oostelike Provinsie te onderneem.

Aanduidings is dat die Universiteit se eerstepsan onder aanvoering van Toy Dannhauser vanjaar weer 'n baie sterk span in die veld sal stoot.

### ALMAL BESKIKBAAR

Met verskillende spelers wat verlede jaar op die krukkelys was en verskeie nuwe spelers in die klub behoort mededinging so sterk te wees dat al vyftien die spelers, wat verlede jaar vir die eerstespan diensgedoen het en nog beskikbaar is, hard te spook om hulle plekke te behou.

Universiteit hoop om sewe spanne, een meer as verlede jaar, vir die verskillende ligas in te skryf. Die eerstespan sal weer net vir die Neserbekerkompetisie inskryf en nie vir die Blaine nie.

**BothnerS**
Vriendskaplike Transaksies
Ons spesialiseer in:
**KLAVIERE —**
STEINWAY
FRITZ KUHLA
KNIGHT
OTTO BACH
ens.
**PLATE**
**MUSIEKINSTRUMENTE**
**ALLE HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE**
*Ons aanvaar alle HERSTEL- en STEMWERK aan KLAVIERE*

## Ondersteun Ons Adverteerders


**DIENS!**
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
**SUID-APTEEK**
**BOTHASTRAAT 80**
**PROTEA-APTEEK**
**KERKSTRAAT 86**

## *Varia*

# HARTLIK WELKOM OP DIE PUKBANKIES

1960 het ontwaak en daarmee ook Varia — Varia uit sy somerslapie. Ja mense, ons is terug in Pukkeland, en, hartlik eie aan die ou P.U. Mag almal altyd uitsien na die stukkie „kougom" wat Varia ons gaan bied; mag ons saam kou daaraan, sam lag, en ook langs die weg gevorm word tot ware P.U.-welkom in ons Varia-kolomme. Mag die jaar 1960 ook weer in die teken staan van blymoedigheid en opgewektheid, dié so kaners.

Wat is die vreugde nie groot om vanjaar se oes aan dore en drake te aanskou nie, ja die werklikheid van dore en drake op twee bene. Meer nog, wat 'n heerlike taak was dit nie vir die oudames en ouhere om die goedjies in rapsie meer as 'n week te kon leer dat hul gedaal het van so verhewe posisie tot eersterangse nulle; geen aandelebeurs of wolprys het al so 'n daling beleef nie.

Weliswaar het ek amper gedink dat ons oues van dae onder hul geledere sou opmerk, want toe ek so 'n draai by die tafels gemaak het waar die vaders (dit kon ook wel die grootvaders wees) besig was om die registrasiekaarte te voltooi, het ek dadelik besef waarom ons so moet sukkel om hierdie mense selfstandig te leer dink, skryf en doen. Ek het werklik gedink dat baie van hulle ouers ons vanjaar gaan vergas, want so baie het dan „ingeskryf".

### VERLIEFDES, ENS.

Aan alle verliefdes, verloofdes, verlorenes, getroudes en gepaardes ons hartlike gelukwense. Ja, vakansietyd is inderdaad 'n lekkertyd. So baie dinge kan mens oorkom, maar dis 'n lekker „oorkom" hierdie. Ek gaan darem 'n paar verklap wat iets „oorgekom" het.

Onlangs loop ek vir **Ria van Wyk** (geb. Kruger) raak by die Reba met 'n beursie, 'n brood en 'n pint melk —kos vir haar man, **Amie.** Baie geluk, julle twee!

Ons hartlike gelukwense ook aan oom **Lood van der Merwe** en sy **gade** (geb. Van der Wateren).

Verloof: Aan alle ringkopers ons hartlike gelukwense en sterkte verder. Persone wat die blinksteentjie nie ongeroerd gelaat het nie is:

- **Christie Coetzee** en **Susan Coetzee,**
- **Casper Schutte,** tans nog oorsee, en sy Suidwester, **mej. Geggus,**
- **Willem Postma en Anneke van der Merwe,**
- **Wynand van der Merwe** en sy „blonde", **mej. Pretorius,** van Vereeniging,
- **Theunsina van Wyk** en haar „Poot" **Mof Maree.**
- **„Hasie" Howell** en **Martie Steyn.**

'n Paar van ons makkers het die alleenheid te eensaam begin voel. Met nukke, drukke en „stukke" het hul hul tot hoër dinge gewend. Met die oog op 'n wel aangename „sy-soen" het **Jan de Beer** en **Marlene van der Walt** dit goed gedink om maar te kys.

'n Kys of verhouding wat van verlede jaar oorgestaan het vir bekendmaking is die van **Jan du Plessis** en **Amke Rossouw.** Alle voorspoed toegewens! Moet nou tog nie ooglopend stout wees nie.

En dan hoor ons gerugte dat **Albertha Howell** 'n gelukkige vonds gemaak het op haar hokkietoer na Kenia. Nou wat sal ons hiervan sê?

### SAAM GESIEN

Sommer van die staanspoor af wil dit lyk of die poppe gaan dans vanjaar hier op die P.U.-gronde. **Idyll van der Walt** en **Piet Venter** kol deesdae saam by **Erina van der Walt.**

En dan wonder ons of **Japie Arangies** se benadering tot **Nikolien Kramer** opreg bedoel is.

- **André Arnoldi,** een van die stil Pukke, het gedurende die vakansie groen weivelde in Pretoria ontdek en ook geen gras onder sy voete laat groei nie. Hy en **Elaine Brandt** het, soos dit pas, stil en stemmig gekys.

* * *

Ek blaai onlangs deur my vriend, **Proffie van Vuuren** se aantekeninge oor Pastorale-sielkunde (Herdersielkunde). So tussen alles deur is my aandag op verskeie plekke getrek deur 'n naampie wat in „fancy" letters geskryf is. En dit, Pukke, is die gevolg van hierdie Tokkelok se praktiese werk gedurende die afgelope sovervakansie te Rustenburg. Ja, ou Christo se prakties het toe in alle rigtinge deurgewerk. En haar naam: **mej. Claase.** Baie geluk, ou „Proffie"! Moge 't treffe!

* * *

Die Sielkunde departement het ons spesiale verteenwoordiger meegedeel dat daar vanjaar, veral in die Abnormale Sielkunde van die aanskoulike onderwysmetode gebruik gemaak sal word.

Na verneem word sal die Sielkunde 11 en 111 studente glo saam met die betrokke dosente stelling inneem op die campus. Van hier sal 'n interkosmiesevisie gewerp word op die verbybewegende skare van eerstejaars, en uit die konglomoraat sal dan spesies uitgesoek word wat tot dusver net in teorie mee kennis gemaak is.

### MAATSTAF

Die maatstaf waaraan die normaliteit en abnormaliteit getoets sal word, is glo die geelstrepe wat „loop" voor die biblioteek en die Plantkundelaboratorium.

Normaal is diegene wat hul balans behou tussen die geelstreep en randsteen.

Vir slepers sal die praktyk van „two-in-one" nou deur die aanbring van geelstrepe heelwat egaliger en smaakvoller kan geskied, aangesien die randstene nou nie meer nodig is vir die praktyk nie (wat dit slegs tot hand-aan-hand kon bevorder).

Ons hartlike gelukwense aan die „Streep"-departement vir die samewerking!

Nou kan ook tot die hand-om-die lyf praktyk gevorder word aangesien dit feitlik die egnigste manier is om iemand te balanseer by wie dit 'n obsessie is om op geelstrepe te loop. Vandaar kan ook alle persone wat aan Matriek- en Patriekkomplekse ly met die eerste oogopslag uitgeken word.

* * *

### WAARHEEN NOU?

Ek wonder so terloops hoe lank sal ons mooi ou Hoofgebou nou nog staan?

Seker nie meer te lank nie, want dit het geen doel eintlik meer nie. Nie dat dit te klein of so iets is nie, maar gaan kyk gerus 'n slaggie agter die Hoofgebou, as u nie reeds in die donker op die grond beland het waar u geliefde ou bankie gestaan het nie.

Bome is nie alleen met wortel en tak uitgeroei nie, maar ook met spykerbankies en al. 'n Mens wonder die watter laboratorium daar gebou moet word.

### A.N.C.

Na verneem word sal die Raad van A.N.C. (All New Cases) 'n betoging reël. Dit sal nie 'n boikot van slepery wees nie, maar 'n sloerstaking, d.w.s. die aksie sal nie meer in die tradisionele driekwartuur afgehandel kan word nie.

'n Vraag wat in elke hart brand is: waarheen nou?

'n Geskikte plek met fasaliteite word tans gesoek deur 'n kommissie van die V.V.O. (Vereniging van Ou-gekysdes).

As gevolg van hierdie ramp in ons studentelewe sal daar vanjaar ook geen „Gold-rush" kan wees nie . . . nogal jammer.

In stilte haal ons die hoed af vir 'n baie mooi gesegde met historiese betekenis: **Agter die Hoofgebou!**

# SENIOR EERSTEJAARS EN INLYWING

## S.R. SE WYSE STAP

Dat senior-eerstejaars hierdie jaar by die inlywingsaksies ingeskakel is, is 'n stap waarmee die Studenteraad beslis gelukgewens moet word. Van die seniorstudente, sowel as van die kant van die nuwelinge gesien, kan dit net bydra tot 'n gelukkiger samelewe op die Puk.

Wat die „gewone" dore en drake aanbetref, was dit met tye soms teleurstellend dat nie meer, en dit geld veral die senior mans aan die aksies deelgeneem het nie.

Veral wat die dore aanbetref, kan miskien in die toekoms daaraan gedink word om die dames wat in die dorp woon (seniors) maar aan die aksies te laat deelneem. Om die koshuisdames alleen daarmee op te saal, is eintlik onregverdig.

### REAKSIE

Hoewel die reaksie van die dore en drake in baie gevalle so flou was dat 'n mens wonder of party van hulle nog hul eie name onthou het na 'n week, het die inlywingsweek na wense verloop.

Deurgaans was die reaksie van die seniorstudente wat teenwoordig was aanmoedigend, veral as 'n mens die harde werk wat deur baie persone op wie se verantwoordelikheid die inlywing geskied het, in ag neem.

Ons glo ook dat met die nuwe stelsel waarby feitlik alle eerstejaars oor dieselfde kam geskeer word, ons in die toekoms ook die vrugte daarvan sal toon.

Veel hoop op onmiddelikke resultate is daar egter nie. Eerstejaars sal deur hulle belangstelling in en deelname aan, studente-aktiwiteite beslis hulle sokkies moet optrek indien hulle enigsins wens om hulle voorgangers waardig te wees.

Uitdrukkings soos: „Ons stel nie belang nie," „Ons dink dit is onnodig", is reeds in hierdie vroeë stadium te veel uit die monde van nuwelinge gehoor. Miskien sal hulle mettertyd leer dat ons hier moet saamwoon en dat hulle beslis hulle deel kan bydra. Ons hoop dié besef kom later. Tot dusver is slegs geringe tekens daarvan opgemerk.

### AKSIES

Die aksies wat gedurende die week van inlywing en kennismaking aangebied is, het deurgaans van oorspronklikheid getuig. 'n Mens wonder wie die meeste gely het onder die reën wat die vrugtefees verongeluk het, die seniors wat graag wou sleep, of die drake en dore wat aan die mense wou toon wat werklik in hulle steek.

Moontlik kry ons later nog die geleentheid om van die vrugte van hulle organisasietalent te ontvang. betref, is daar hoop. Miskien kan Thalia, Alabama en die Musiekvereniging met baie werk nog iets uit hulle geledere na vore bring.

In iedere geval hoop ons dat die eerstejaars, wat hulle ook al van plan is om te doen, die lesse wat hulle die afgelope twee weke geleer het 'n bietjie sal herkou en probeer om iets uit te rig.

# *"OP DIE GROOT SPORE"*

## *FANTASTIESE TOER*

„Dit was fantasties. Ek wens ek kon die hele Puk saamgeneem het," het 'n Puk-dame na afloop van die Kilimanjaro-studietoer, wat gereël is deur 'n toeristemaatskappy, gesê. As mens kyk na die plekke waar die geselskap, wat 'n hele aantal Pukke ingesluit het, aangedoen het, kry jy 'n idee waarom sy gesê het dit was fantasties: Ngorongoro, Die Groot Skeurvallei, Kilimanjaro, Nairobi, Mombassa.

Die toergroep was saamgestel uit lede van alle afdelings van die samelewing: onderwysers, tiksters, klerke, hoërskoolleerlinge, twee Oostenrykers, een Amerikaner, 'n joernalis, 'n werktuigkundige, twee middeljarige egpare en 23 studente.

Saterdag 5 Desember 1959 was die groot plekke in Afrika vir die meeste van hierdie mense nog net name op landkaarte. Toe die toer eindelik op 9 Januarie ten einde loop, het elkeen wat saam was, ten minste 'n herkoutjie of twee herinneringe saamgebring.

### STILLE NAG

Op Oukersaand, toe die geselskap op pad was na Mombassa, het die groep hoe later hoe stiller geword. Teen twaalfuur het die groot bus tot stilstand gekom. Hoe aangrypend moes dit nie gewees het toe die twee Oostenrykers daar in die hartjie van die Donker Kontinent, met die stil nag om hulle, die ander „Stille Nag" toegesing het nie! Daar is uitgeklim en oor en weer gelukgewens—om 'n paar oomblikke later, toe almal weer in die bus was, met die dreigende gromme van twee uitgegroeide leeus in die pad begroet te word.

### PUKGEES

En hulle sê dis die Pukke wat die gees in die toer gesit het—'n toer wat na alle waarskynlikheid nog baie lank onthou sal word deur diegene wat dit meegemaak het.

Vir die wat nog nie „op die groot spore" was nie, is daar volgens 'n aankondiging nog binnekort geleentheid. Op 26 Maart vertrek 'n soortgelyke geselskap na die Karibadam en hulle keer op 6 April terug. Zimbabwe, die Victoriavalle en die Matoppos is 'n paar van die interessante plekke wat besoek sal word en kredietfasiliteite is aantreklik.

Ook in Julie en Desember word daar toere gereël. Persone wat belangstel kan met mnr. Nic Badenhorst, Heimat 13, telefoon 009, skakel.

## Briewe . . .

# *DIE PUKMANS IS OULIK MAAR BANG*

Meneer die Redakteur,

Die Pukmans is 'n oulike klomp. Hulle is in staat om baie dames se harte te verbly. Hulle kan beeste vang, kalwers ry, voetbal speel vir 'n naarheid en ook af en toe vir 'n beker, maar dit lyk tog of daar een groot haakplek by hulle is. Om dit reguit uit die perd se bek te hoor (d.w.s. uit die dames se mondjies rosig en rooi):

**Die oorgrote meerderheid van die Pukmans is bang mans.**

Waarom sit hulle anders net in een blok van die Studentesaal?

Waarom word daar nie meer gesleep nie, of sal dit eindelik vanjaar gebeur?

Waarom groet die mans nie die dames as hulle mekaar op die terrein raakloop nie?

### DAMES BOOS

Dit is tog duidelik dat die man die persoon is wat die leiding op hom moet neem om gesellige verkeer tussen die twee geslagte te bewerkstellig. Dames sal as boos bestempel word as hulle mans begin skiet vir sleep, maar sal hulle nie daartoe gedwing word as ons mans aangaan soos tans die geval is nie? Kyk nou maar soos nou die aand, met die eerste sing-songs deur die strate . . .

Daar was misverstand of daar wel gesing sou word al dan nie, maar daar was tog 'n hele aantal dames wat lus was om te gaan sing. Na 'n draai deur die Kompleks het daar toe ook 'n mooi klomp mans by die groepie aangesluit, maar waar so

(Vervolg op bls. 7)


MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!"

# ATLETIEK AAN DIE P.U.

Geagte Redaksie,

Ons het aansienlik baie nuwe talent bygekry en nuwe talent beloof nuwe belangstelling. Hoewel die belangstelling in atletiek verlede jaar belowend was, het ons gevind dat die meeste van ons atlete blote geleeheidsatlete was—ons wil atlete werf wat 'n **atleet** deur die jaar sal wees! Daarin lê die krag van die Atletiekklub van die P.U.

Vir alle atletiekentoesiaste kan ons vanjaar 'n program aanbied wat taaie voorbereiding sal loon.

### PROGRAM TOT APRIL

Op 2 Maart word die eerstejaarsbyeenkoms op die P.U. Atletiekbaan gehou. Kort op die hakke volg die byeenkoms van die P.U. Kampioenskappe op 9 Maart. Uitnodigings aan klubs is reeds gerig.

Op Saterdag 5 Maart, sal P.U.-atlete na Johannesburg kan gaan vir 'n verdere byeenkoms. Met 'n opgewonde gevoel nog warm op die maag, volg op 12 Maart die Wes-Transvaalkampioenskappe. Sowel ons Junior- as Senioratlete sal kan deelneem. (Senior: dames bo 18 en mans bo 19; Junior: dames onder 18 en mans onder 19.)

Voordat die spykers afgekoel is, volg die seshoekige byeenkoms op 16 Maart van alle Wes-Transvaalseniorklubs op die Parkovaal.

Dieselfde ouderdomsgroepe as bo genoem sal hier mag deelneem.

Op Saterdag, 19 Maart wag daar vir 'n aantal van ons atlete 'n moontlike verassing: dan is die Uniefeesbyeenkoms in Johannesburg — 'n byeenkoms wat groot belangstelling sal lok.

Terloops kan ek meld dat dit ook die dag Internormaal is. Mooi loop, Swartetjies!

Op 26 Maart vind die Noord-Transvaalkampioenskappe plaas waarheen ook 'n paar van ons atlete sal kan gaan.

Op 9 April vind die S.A. Juniorkmpioenskappe plaas. (Ouderdomsgroepe: seuns O/18 en O/17 en dogters O/18.)

Kort hierna volg die Matt-Marébyeenkoms te Wits tussen U.P., P.U. vir C.H.O., Wits en U.O.V.S. 'n Week na die Junior-kampioenskappe volg die S.A. -Seniorkampioenskappe te Bloemfontein. (Ouderdomsgroepe: mans O/19 en bo 19 en dames bo 18.)

En dan die hoogtepunt van die jaar se Inter-Universitêre atletiek: Dalrymple te Durban, op 22 en 23 April.

Ons beoog om 'n volle span van 12 atlete daarheen te stuur.

Op 30 April vind die Olimpiese Proewe te Kaapstad plaas waarheen 'n paar van ons beste manne gestuur kan word.

Staatmakers soos Van der Walt, Thuynsma, Ortlep, Alta de Kock, Liebenberg, Van Vuuren kan stadig begin little losmaak.

Die idee om van ons atlete na die proewe te stuur, is nie net om die man te stuur wat sal plek kry nie, maar om die man wat besig is om die leer te klim, die oog van die keurder te laat vang. Verrassings word natuurlik nie buite rekening gelaat nie. Dit verg harde en toegewyde oefening wat die uitdaging is vir elke atleet.

Later in die jaar, ek glo in Oktober, vind die Padloop vanaf Parys na Potchefstroom plaas. Ons beoog om alle Wes-Transvaalse klubs te nooi om 'n span van 6 in te skryf.

### SUKSES VAN ONS ATLETIEK

In 'n onderhoud met mnr. J. S. K. Bosman, atletiekafrigter, is gevra waarvan die sukses van ons atletiek afhang.

„Harde werk en bereidwilligheid aan die kant van ons atlete—dis die beginsel van ons atletiek. Die hande van die afrigter is gebind sonder die bereidwilligheid van ons atlete, en dan nog belangrik my atlete wil ek elke dag op die baan sien. Geen lui atleet het al ooit presteer nie," het hy verklaar.

### ONS VELD

Hoewel atletiek die afgelope jare aan die P.U. aansienlik opgelewe het, het die bane tog nie met die vooruitgang tred gehou nie. Die toestand van ons bane is geen inspirasie vir enige geesdriftige atleet nie.

**Ek moet rondborstig erken dat die P.U.-Atletiekbaan in 'n toestand is en was wat die besorgdheid van die P.U.-Atletiekbestuur wek. Steeds dringender en noodsaakliker word die oproep dat meer aandag aan die veld bestee moet word. Ons het nie die vrymoedigheid om groot byeenkomste te reël nie. Die geringste bui reën laat die publiek deurmekaar die kleedkamers bestorm. (Ek verwys na die P.U.-Kampioenskappe verlede jaar.) Die kritiek van ons besoekers is voorwaar nie soos wat ons van 'n gas sal verwag nie, en tog is dit geregverdig.**

Weer eens stel ons die saak duidelik en pertinent aan ons owerhede: Kan daar nie 'n daadwerklike poging met ons atletiekveld aangepak word nie?

### ATLETIEKBESTUUR

Die atletiekbestuur voel nie tevrede met die belangstelling aan die kant van ons personeel nie. Keer op keer rig ons 'n persoonlike uitnodiging aan elke personeellid—dink aan die magdom tikwerk en afrolwerk—en tog taan die belangstelling geleidelik weg. Dis hoofsaaklik die afrigters wat enige belangstelling toon.

Gedurig moet ons buitestanders nader vir beamptes, want ons personeel kan nie in die dringende behoefte voorsien nie.

**Sal dit nie 'n riem onder die hart vir die Atletiekklub wees as ons die volle medewerking van ons personeel kan kry nie! Die mag van die voorbeeld!**

Ook aan die kant van ons studente is daar 'n slappe belangstelling. Studente sleep, slaap of fliek liewer op 'n middag as om na 'n atleikbyeenkoms te gaan. Ons sal geen student kwalik neem wat styf langs sy meisie op die verhoog sit nie.

Min mense besef die geweldige organisasie van 'n atletiekbyeenkoms en swak ondersteuning is 'n ribhou vir enige bestuur. Ook moet in aanmerking geneem word die harde voorbereiding van elke atleet.

**Die ondersteuning van die kant van die verhoog is 'n groot dryfkrag tot die sukses van enige atleet. So maklik sê die atleet vaarwel aan sport, omdat sy medekollega die sagtebank van die bioskoop verkies.**

Ook op dié terrein vra die P.U.-Atletiekbestuur die getroue samewerking van personeellid en student. Ons as bestuurslede werk, en ons verwag u medewerking.

G. J. L. SCHOLTZ,
Sekretaris.

## MEEGEVOEL

**Die Wapad wil graag hiermee namens die studentegemeenskap aan die P.U. vir C.H.O. sy innige meegevoel uitspreek teenoor die persone wat gedurende die afgelope vakansie dierbares aan die dood moes afgee.**

**Mag u spoedig vertroosting en berusting vind. — Red.**

# WERK EN STUDEER

*Ruim 70 persent van die studente in die Regs- en Staatsfakulteite van Denemarke studeer en verdien gelyktydig.*

*Aan die ander kant studeer bykans 70 persent van die studente in die ekonomiese wetenskappe voltyds.*

*Die meeste van die studente wat deeltyds werk en studeer, is aan die staatsdiens en die buro vir statistieke verbonde.*

(Vervolg van bls. 6)

hulle aansluit? Heel agter. Die dames in die voorste geledere het gemurmureer omdat die mans so afsydig—of is dit bang?—is.

Maar die mans het protes aangeteken onder die voorwendsel dat dit net „verloofdes" en „getroudes" is wat saam met die dames loop. Nou vra ek met trane in my oë hoe gaan mens getroud raak as jy wag tot jy jou vrou het voor jy saam met haar begin loop?

### GEEN VREES

Ek het baie gepraat maar laat net dit duidelik wees: ons dames is nie goed wat gevrees hoef te word nie. Hulle wil graag „gesellig met die mans verkeer", selfs al is dit heel informeel. Maar dis die mans wat die leiding op hulle moet neem, m.a.w., hul bangheid moet laat staan.

Wat sê die dames?

Dankie vir plasing,

STEM-ROEPENDE-IN-DIE-WOESTYN.

# UITROEIING VAN BOME

Geagte Redaksie,

Soos die gewoonte elke jaar maar is, is die meeste van ons weer hier om tradisies aan die P.U. vir C.H.O. voort te sit. Helaas, die opposisie, as u weet wie daar onder ingesluit word, vernietig elke bestaande tradisie aan die Puk sodra ons nie daar is om toe te sien dat dit nie gebeur nie.

Dit word nou al instink by 'n mens om maar elke jaar die ergste te verwag as jy die Campus betree —nie dat ek die goeie werk wat wel deur die terreinopsigters verrig word, enigsins wil verontagsaam nie —maar dit het tyd geword om in te gryp.

Ons lees almal in Die Huisgenoot van die wondervoorstad van Johannesburg—Hillbrow—daardie betonwildernis waar mens meer longkanker opdoen van besoede'de lug as van suiwer sigaretrook. As ons nie nou, en ek bedoel nie hierdie jaar nie, maar nog voor die eerste massavergadering van die jaar, ingryp nie, staan ons welbekende, welbeminde en reeds geskonde Universiteitsterrein 'n groot kans om 'n wildernis van geel strepe, teerstrate en ashope te word.

**Indien u my nie duidelik verstaan nie, ek sal verduidelik: die ashope is vanselfsprekend afkomstig van verbrande, tot as verbrande, denneboomstompe.**

### KERN VAN SAKE

En dit, geagte redaksie, is die kern, die krukas van die saak. Waarom moes die statige, oeroue, maar reeds skone dennebome agter die Hoofgebou val voor die meese van die Houthakkers? Was dit nodig? Soos ek verstaan is die moontlikheid groot dat die populierbome voor die Hoofgebou ook die weg van alle bome op die P.U. sal moet gaan. Hulle wortels lig dan glo die teerpad op. Maar is daar nou enige teer agter die Hoofgebou wat opgelig kan word?

**Snaaks, die grond lig nooit op nie. Darem maar 'n lastige ding, dié teerpaaie.**

Ons laat die eerstejaars nog die liedjie „Op die Denneblare" sing, maar daar sal, voordat nog bome geval het, nie meer 'n enkele denneblaartjie wees nie. Alles sal weggesink het in die aarde, gedek deur grond waaroor geslagte wat kom, sal loop sonder die wete dat dié grond eens heilig was. Moet ons die verwoesting laat voortgaan?

Ek vra u almal: Bekyk die terrein agter die hoofgebou in die laat namiddag: waar is die suisende denneblare, die koel skaduwees?

Dit is weg.

En nou lê ons weg vir ons oop gebaken—ons moet dit beveg. Al moet die teerpaaie, geel strepe, alles dan padgee, nie die bome nie. Indien die bome voor die Hoofgebou in gevaar verkeer, sal dit dan ons plig wees om hulle eerder 'n genadedood te laat sterf deur hul self te ontwortel, as om hulle aan die genade van die genadelose slagters oor te laat.

Laat dit ons nou erns word. Dit vra ek van u.

GESKOK OP P.

## DIE WAPAD

**Persone wat nie die eerste uitgawe van Die Wapad ontvang het nie, kan dit by die kafeteria of regstreeks by die sirkulasiebestuurder, mnr. Herman Oosthuizen, in Dawie du Plessishuis 26, koop.**

**As gevolg van tegniese moeilikhede sal die volgende uitgawe eers op Dinsdag, 22 Maart verskyn. Daarna sal Die Wapad gereeld elke tweede week op 'n Dinsdag verskyn.**

**STUDENTE!**

**Welkom as inwoners van . . . .**

**POTCHEFSTROOM**

**Welkom as klante van . . . . .**

**BEYERS CLAASSEN**

DIE FOTOGRAWE

Lombardstraat 48 Telefoon 455

Potchefstroom



*„Aitsa!"*

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Telefoon 1

POTCHEFSTROOM

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei • WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

asook • KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"



Op die foto verskyn twee Pukdames, Alta de Kock (regs) en Albertha Howell, wat vanjaar op die sportveld besonder goed behoort te presteer. Eersgenoemde is die Suid-Afrikaanse junior-spiesgooikampioene en laasgenoemde het die hokkiespan van die die S.A. Universiteite gedurende die afgelope vakansie vergesêl.

[Foto: Die Veteraan.

## Van Vuuren Vaar Goed

Danie van Vuuren het die Puk se naam hoog gehou toe hy op 30 Januarie te Kroonstad bewys het dat hy 'n Vrystaatse kampioen oor die 880 treë waardig is.

Hy het die afstand in 2 min. .05 sekondes afgelê.

Met die Caledonian Gathering (Skotse byeenkoms) op 20 Februarie te Benoni gee hy sy teenstander, Harrison, opdraend oor die 800 meter en slaag daarin om 'n tweede plek te verower met 'n tyd van 1 min. 59.2 sekondes.

Ons hoop dat die volgende byeenkoms die deurslag tot die S.A. Kampioenskappe sal wees.

## Toy Dannhauser sê: „Sterkte"

W. W. Ellis het in die dorpie Rugby die wyse stap gedoen deur die bal te gryp en te hardloop. Laat elke Puk vanjaar in sy voetspore volg.

Met hierdie woorde wil ons alle voetbalspelers en aspirant-spelers hartlik verwelkom op die eerste oefening Woensdag 2 Maart om 4 nm.

Laat elke ouheer en eerstejaar sy manlike deugde kom toon!

Kom laat ons verlede jaar se segetog nog opskuif.

Enkele hoogtepunte vanjaar is: twee vriendskaplike wedstryde voor die liga-wedstryde wat op 2 April begin, Wits kom kuier op 16 April met die oog op die samestelling van 'n Noordelike Universiteitspan wat teen die All Blacks en die Suidelike Universiteite sal speel, 'n toer in die Julie-vakansie en Intervarsity teen U.O.V.S. op 20 Augustus.

Laat elke moontlike speler sy gewig ingooi en fiks word en laat elke Pukstudent sy of haar keel olie om die Puk-spanne oor die doellyn te skreeu.

Laat ons almal saamwerk, die afrigters ondersteun en 'n goeie gees opbou. Dan sal die byle weer huil!

'n Suksesvolle jaar word vir al ons spelers toegewens, ook op akademiese gebied! — TOY DANNHAUSER (Kaptein Voetbalklub).

## RUGBYWENKE

Op 'n informele rugbyvergadering op 24 Februarie het die voorsitter van die rugbyklub, mnr. Jannie Schutte, die eerstejaarrugbyspelers oor die organisasie van die P.U. Rugbyklub ingelig.

Mnr. Schutte het verklaar dat spelers belangstelling moet toon vir die klub en veral oefeninge gereeld moet bywoon. Elke speler moet, indien nodig, gereeld elke Saterdag vir wedstryde beskikbaar wees. Nuwelinge moet nie ontmoedig word as hulle nie in die eerste ses spanne plek kry nie, want almal sal 'n beurt kry as beserings en interprovinsiale wedstryde in aanmerking geneem word.

Mnr. Schutte het verder benadruk dat geen persoon op reputasie sal speel nie, maar suiwer vir sy plek.

Soos in die verlede het hy in die besonder klem gelê of fiksheid en versoek dat elke eerstejaar fiksheid in ernstige lig moet beskou.

In 'n beknopte uiteensetting het hy ook die drie kenmerke van die spel aan hulle voorgelê, nl.:

- Net die kaptein praat op die veld.
- Pukke speel nie vuil nie maar hard.
- Die skeidsregter is reg al is hy hoe verkeerd.

Indien daar enige moeilikheid opdaag moet die bestuur geraadpleeg word en die versekering kan gegee word dat elkeen met 'n simpatieke oor aangehoor sal word.

*DRINK DIE BESTE!*

* Pep-A-Quava
* Pep-A-Dilla
* Ting-A-Ling
* Top-Hat

*DRINK*

* *Super Orange*
* *Fresh Orange*

**Pep-I-Doo**

**Potch Mineral Waters**

Telefoon 16 en 1144 — Posbus 134

# SPORTVOORUITSIGTE 1960

— VOORSITTER S.S.B.

**As die Sentrale Sportbestuur aan die begin van 1960 u die hand reik met die woorde „Ons groet U", dan moet ons dadelik ook ons groot aantal nuwe ondersteuners die woord toevoeg: „Hartlik welkom op die sportvelde van die Puk". Aan die lede wat verlede jaar ook in ons midde was en wie deur hulle onbaatsugtige dienste en hoog gewaardeerde samewerking verantwoordelik was dat die S.S.B. van 1959 sy aktiwiteite op so 'n hoë noot kan afsluit, wens ons alle krag en sterkte toe, hopende dat ons in die komende seisoen ons sport tot nog groter hoogtes sal kan voer — ons maak weer eens staat op u steun!**

By die aankoms van die groot aantal eerstejaars was dit reeds duidelik dat die S.S.B. en sy klubs 'n baie vrugbare jaar in die vooruitsig het, as ons al die jong, belowende talent kan behou en nuttig betrek. Vandaar wens die S.S.B. 'n beroep op ons nuwe vriende te doen om ook op die gebied van sport getrou aan u Alma Mater te wees. U Universiteit eis dit van u, en dit is u PLIG om met krag en ywer u heelhartige steun aan u span te gee, maar besef ook bowenal, dit is u VOORREG om met die leuse „In U Lig" op u bors vir u universiteit deel te neem.

Aan die klubkapteins van 1960, van wie mnre. Ben Potgieter en Eddie de Jager ons ongelukkig verlaat het, wens ons 'n baie voorspoedige en suksesvolle seisoen toe. Toestande is in ons guns vanjaar om ongekende hoogtes te bereik in elke sportklub aan die P.U. vir C.H.O. Die Tennisklub kry vanjaar nog twee tennisbane en die pragveld van die Rugbyklub nader ook voltooiing.

Hierdie nuwe skeppinge is moontlik gemaak deur die goedgunstiglike oorweging van ons owerhede teenoor wie ons ons hoogste waardering en opregte dank uitspreek. Ons atletiekbaan het ook die owerhede se aandag geniet en groot planne tot verbetering is reeds in gedagte waarvoor ons byvoorbaat ons dank uitspreek.

Volgens die jaarprogramme van die Sportklubs het elke klubkaptein vanjaar heelwat op die kerfstok.

### TENNISKLUB

Benewens die wedstryde waaraan die tennisklub elke jaar deelneem, het die gedagtes gegaan in die rigting van 'n Noordelike Universiteite toernooi hier op Potchefstroom, oor een van die lang naweke. 'n Span van die Noordelike Universiteite sal moontlik teen Wes-Transvaal optree.

### RUGBYKLUB

Toy Dannhauser en sy span wil vanjaar Rhodesië toe gaan . . . om voetbal te speel natuurlik! Na die Rugbyklub se skitterende prestasies verlede jaar kan ons niks anders as om met spanning te wag op die nuwe seisoen nie.

Verbasend veel talent het vanjaar op die Puk opgedaag sodat elke man nou sal moet speel vir sy plek, en daarom sal die gehalte voetbal so verbeter dat ons mèt 'n groot mate van vertroue in Toy en sy manne sal kan voorspel dat die Pukke weer vanjaar gaan skoonskip maak onder die bekers.

### KORFBALKLUB

Die korfbalklub beoog sommer baie vroeg al 'n verwelkomingswedstryd tussen die nuwelinge en die oudames. 'n Hoogtepunt vir die seisoen is 'n beoogde korfbaldag vroeg in die seisoen waar verskeie uitnodigingspanne teenwoordig sal wees.

### ATLETIEKKLUB

Wat atletiek betref koester ons vanjaar groot verwagtings aangesien ons nie verlede jaar se atlete verloor het nie, en ook baie belowende jong atlete by ons kom aansluit het.

Verskeie naweektoere word beoog na klubs van ons buurstede, en afgesien van die P.U.-Kampioenskappe en seshoekige byeenkoms wat ons klub reël, is die hoogtepunt die Dalrymple-byeenkoms te Durban gedurende die naweek van 22-23 April.

Prof. D. P. J. Smith en mnr. Koos Bosman verwag veel van ons Pukke.

Op 30 April vind die proewe in Hoopstad plaas en dan . . . oorsee!

### KRIEKETKLUB

Dit is verblydend dat hierdie klub, wat verlede jaar gekwyn het, die seisoen met so veel belangstelling en ywer kan begin dat hulle reeds 'n wedstryd agter die rug het. Die manne oefen geesdriftig en groot vooruitgang word in die nuwe seisoen verwag

### JUKSKEILAER

'n Groot saamtrek vir die Juskeilaer word in vooruitsig gestel wanneer die klub kragte sal meet met Dorp. Die verbasende groei van die klub is die vrug van die ywer waarmee die nuwe bestuur alles in die stryd gewerp het om die jukskeilaer te laat herleef.

### DAMESHOKKIEKLUB

Wedstryde tussen oudames en nuwelinge word beoog asook enkele vriendskaplike wedstryde. Die prestasies van verlede jaar kan niks anders tot gevolg hê as skitterende sukses nie.

### MANSHOKKIEKLUB

Die Manshokkieklub is vanjaar in die gelukkige posisie om twee spanne vir intervarsitie in te skryf.

### BOFBALKLUB

Die bofbalklub het die seisoen teen so 'n tempo begin dat hulle reeds 'n wedstryd agter die rug het. Met 'n ywerige bestuur en lewendige volgelinge kan ons nie anders as om veel van die bofbalklub in die nuwe seisoen te verwag nie.

### SWEMKLUB

Die bestuur van die swemklub het nie minder as vyf gala's in die vooruitsig nie. Ook die Interuniversitêre swemtoernooi sal bygewoon word en 'n wateropolospan word afgerig met die oog op die Interuniversitêre swemtoernooi. „Feminine touch?"

### AMATEUR STOEIKLUB

Reeds vroeg in die eerste kwartaal gaan die stoeiklub ons 'n vertoning bied—twee Pukspanne teen mekaar.

Latere toernooie teen P.O.K. word ook in die vooruitsig gestel.

### TAFELTENNISKLUB

Gesien in die lig van die skitterende sukses verlede jaar kan ons nie anders as om met groot verwagting die klub in die nuwe jaar dop te hou nie.

### JUDO

Hierdie nuweling het klaar sy merk gemaak in die studentelewe en die bestuur wend ernstige pogings aan om aan die interuniversitêre toernooi deel te neem. Die ledetal van die belangstellendes het so gegroei dat dit vir ons genoegsame rede is om te glo dat die klub sal bloei en uitbrei aan ons Universiteit.

* * *

Ons kan dus in 1960 met groot verwagting die oog vestig op elke klub aan die P.U. vir C.H.O.

Vandaar ook die wekroep aan elke lid van elke sportklub: laat ons, alles in die stryd werp vir die sport aan ons universiteit, trou aan die leuse van ons universiteit, want:

„In al ons handel, SPEL en werk,
hoor ons jou roepstem magtig sterk
van liefde en geloof en hoop . . .
. . . want in U Lig sien ons die lig."

J. J. DE JAGER,
Voors., S.S.B.

# BOFBAL TYDENS DIE VAKANSIE

## Vier Pukke Speel vir Wes-Transvaal

Bofbal aan die universiteit het gedurende die afgelope vakansie 'n hoogtepunt bereik toe vier Pukke vir Wes-Transvaal opgedraf het.

Die wedstryde waaraan hulle deelgeneem het was soos volg:

1ste wedstryd teen Vaalprovinsie:

A-span: Toy Dannhauser, Rassie van der Westhuizen en Gustav du Toit.

B-span: Peet Oescgher.

2de wedstryd op Oos-Londen teen Grens:

A-span: Toy Dannhauser, Rassie van der Westhuizen en Peet Oescgher.

3de wedstryd teen Griekwas op Kimberley:

A-span: Frans de Bruyn, Rassie van der Westhuizen en Peet Oescgher.

Die Currie-beker toernooi is ook op hande. Die Pukke is alweer daar —Peet, Toy en Rassie is gekies om aan hierdie toernooi wat van 23-26 Maart sal plaasvind, deel te neem. Alle sterkte!

### WES-TRANSVAALSE KLEURE

Met reg kan ons sê dat die Universiteit se bofbal vinnig besig is om tot wasdom te groei.

Vir die eerste keer sedert die bestaan van die bofbalklub aan die Universiteit is Wes-Transvaalse kleure aan Pukke toegeken. Hulle is Toy Dannhauser, Peet Oescgher en Rassie van der Westhuizen.

Die Wapad wens hierdie sportmanne hartlik geluk.

Gedruk deur Enslins, Potchefstroom.